

**12 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 63**

**Fokusgedeelte: Psalm 63:7**

**"...as ek oor U peins..."**

Om te peins oor die Here – wat kan dit tog beteken? Dawid stel die bepeinsing oor die Here sterker as om bloot aan Hom te dink, want *peins* beteken “oordink”, “deurdink” en “nadink”. Iemand het eenmaal gesê: "As ons peins oor 'n persoon wat ons liefhet, dan wil ons as't ware die beeld van so 'n persoon voor ons geestesog roep en deur geestelike omgang ons verlustig in sy teenwoordigheid." So peins Dawid oor die Here. Dan is dit nie in die eerste plek oor homself of wat hy ontvang nie, maar oor die Here en hoe hy Hom kan eer (vergelyk vers 2,3,5,8,9).

Kan ons nog so diep en ernstig oor die Here dink, met ander woorde, oor Hom peins? So kon Asaf selfs in sy ellende oor die Here peins (Ps 77:10): "Het God vergeet om medelye te hê?" Sy bepeinsing van God se daade oortuig hom van God se wonderdade (Ps 77:15).

Kan ons nog peins oor die Here en wonder ons nog oor leë kerke, oor ons verhouding met Hom en oor ons oppervlakkige geloofslewe? Soek ons nog God se eer, sodat dit eerstens oor Hom gaan en daarna oor ons?

Kan ons nog oor die Here peins en sy wonderdade so deurdink, oordink en daaroor nadink dat ons Christus as't ware aan die kruis kan sien hang (Gal 3:1)? Christus is tog die grond van ons verhouding met God.

Dawid sê: "As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek..." Ja, dan glo ek.

*Sing Psalm 63:3,4 Ds L vd M Vogel (Walvisbaai)*